Nederduits Gereformeerde Gemeente
VORENTOE
Ged 599 van Hartebeestpoort B 410 JQ
Losperfontein
Brits, 0250
061 255 0499
kantoor@vorentoe.co.za
www.vorentoe.co.za
NPC 2022/757319/08

NG VORENTOE

*Gemeente met 'n hart vir gesinne!*

# Vakature: Voltydse Leraar

Noordelike Sinode • Ring van Krokodilrivier

***Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here vir aansoeke vir die pos van leraar.***

## Gemeenteprofiel

NG Gemeente Vorentoe is 'n plattelandse gemeente, ongeveer 12 km buite Brits in die Bosveld. Die gemeente bestaan uit 410 belydende lidmate en 129 dooplidmate, met 'n groot getal jong gesinne. Lidmate werk hoofsaaklik in landbou, die sakewêreld, mynbou en 'n groot aantal pendel daagliks na Pretoria en Johannesburg.

## Kandidaat

Hierdie leraarspos word aangebied vir gelegitimeerdes van die NG Kerk. Benewens Artikel 9 van die Kerkorde is **die volgende van besondere belang**:

- **Skrif-getroue verkondiging** — die suiwerheid van die Woord ooreenkomstig die drie Formuliere van Eenheid en die belydenisskrifte.
- **Pastorale sorg, huis- en siekebesoek** — beide in Brits en die omliggende dorpe en stede.
- **Aktiewe betrokkenheid** by die gemeente se aktiwiteite, jeug en funksies.
- Ons gemeente is bevoorreg om heelwat jonger gesinne met kinders te hê. Dit is belangrik dat die predikant in diens van hierdie gemeente sal kan identifiseer met **kinders en jonger gesinne** en ook die gawe sal hê om hulle te bereik.
- Ons **ouer lidmate** is die standhoudende deel van ons gemeente en die leraar moet ook 'n hart hê vir hulle besondere behoeftes.
- Ons is tans besig om 'n **liggaamsmodel** in ons gemeente te ontwikkel. Om in te pas by hierdie wyse van bediening, is dit belangrik dat die leraar in diens van die gemeente 'n **deelnemende bestuurstyl** sal beoefen.

## Vergoeding

Vergoeding word onderhandel met die kerkraad, met die sinodale riglyne as verwysing. Huisvesting en reistoelaag soos onderhandel met die kerkraad.

## Aansoeke

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n CV nie langer as 3 bladsye nie, met 3 referente.
- Rig aansoeke elektronies aan: **aansoek@vorentoe.co.za**
- Sluitingsdatum: **10 Oktober 2026**
- Kandidate op die kortlys moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt by NG Kerk Vorentoe.
- Diensaanvaarding is onderhandelbaar.

## Navrae

- Pre-advies Voorsitter en Voorsitter van die kerkraad: **Martin Kearns — 083 703 9150**
- Brugleraar: **Dr Trix Truter — 072 135 7356**
- Ouderlinge: **Adam Barnard — 076 488 5851 & Kobus Pretorius — 079 879 9539**

***Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.***